JAARVERSLAG 1 Jan 2020 tot 31 Des 2020.

VVLU se tema vir 2020 was droom dit, glo dit, doen dit!

Almal van ons het drome. Dit is egter belangrik om die einde te visualiseer voor jy aan ‘n droom begin werk. Tog is daar nie baie mense wat bereid of gereed is om hulle drome te begin leef nie.

Lief en leed:
Covid 19 het ons laat besef hoe kort die lewe werklik is en dat ons ons geliefdes moet koester. Baie van ons het geliefdes aan die dood afgestaan en ons het selfs ‘n paar lede deur die dood verloor. Hiermee dan ook ons opregte meegevoel aan elkeen wat daardeur geraak is.

Uitvoerende Bestuur:
VVLU se agt areas word deur agt uitvoerende bestuurslede gelei. Baie dankie vir julle bereidwilligheid en bekwame leiding wat julle in die areas en takke neem.

Paneelbeoordelaars
Ons het vyf bekwame paneelbeoordelaars wat hulle kundigheid met ons deel. Dankie vir julle positiewe en leersame kommentaar.
Ons waardeer die liefde waarmee julle die artikels beoordeel. Julle beoordeling is steeds op ‘n hoë standaard .

Areas and Members:

Number of areas 2020		8
Number of members		786
Number of areas merged		1
Number of FSWAU branches		48

Area 4 en Area 9 het saamgesmelt en Me. Minette Steyn is nou UB-lid van area 4.

Seminars:
Three seminars were presented in Bethlehem, Bloemfontein and Welkom by Mrs Alti Janse van Vuuren and Mrs Sonia van Zyl.
Our sincere thanks go to Mrs Alti Janse van Vuuren and Sonia van Zyl for hard work and to the Executive members for organising these seminars.
A total of 145 members and guests attended the three seminars.

Konferensies:
Agt areas het konferensies gehou. ‘n Totaal van 614 lede en gaste het die hoë standaard areakonferensies bygewoon.

Kongres 2020:
As gevolg van Covid 19 en die inperkings, kon ons nie kongres 2020 aanbied nie en is dit uitgestel na 2021.

Finansies:
VVLU se finansies is gesond en ons opregte dank en waardering aan mnr. Tertius Lötter van SLT Ouditeure vir die oudit wat uitgevoer is vir die VVLU finansiële jaar.

Beurse en skenkings gegee :
Die Verbruikerswetenskapsprys, wat VVLU jaarliks aan die beste student in Verbruikerswetenskap skenk, is hierdie jaar virtueel oorhandig aan mej. Esmare Olivier van Kovsies.
Verskeie takke en areas skenk ook beurse aan verdienstelike skole en instansies .

Fondsinsamelingsprojekte deur takke aangepak:
VVLU-lede is baie kreatief en innoverend, daarom het hulle steeds gepoog om hul fondse aan te vul met kerrie en rys, gevulde vetkoeke en koeksisterverkopings.

Takvergaderings, takuitstappies, areavergaderings:
As gevolg van die inperkings, is baie min takvergaderings gehou.Voorsitters het dit egter virtueel aangebied en kompetisies is by die sekretaresses afgelaai vir beoordeling.
Geen takuitstappies het plaasgevind nie.
Twee areavergaderings is gehou.

Kompetisies:
Oor die algemeen voel lede dat kompetisies waardevol is. ‘n Mens se kennis word verbreed en werksgehalte word verbeter. Dit berei mens ook voor om met selfvertroue op konferensie en kongresvlak deel te neem. Artikels moet egter nie te duur wees nie en bruikbare artikels moet voorgestel word.
Baie geluk aan wenners en dankie vir julle deelname.

Werkswinkels, demonstrasies en kursusse in area en takke:
Min werkswinkels, demonstrasies en kursusse kon in 2020 aangebied word. Quillingwerkswinkel, hekelwerk, verftegnieke op hout, servet decoupage, papiervoudemonstrasie, Bybeljoernalisering, smuksakkie met afvallappies, hergebruik van denim is onder andere aangebied.

Projekte – nie vir geldinsameling nie:
Lede het fluks deelgeneem aan takprojekte, soos tydskrifte vir afree-oorde, beanies vir neonatal afdelings by hospitale, bokse vir nasorgsentrum in nood, vroetel moue vir Altzheimer pasiënte, komberse en kos vir diere en sopbottels vir Helpende hand.

Beoordelaarsopleiding:
Geen beoordelaarsopleiding kon hierdie jaar plaasvind nie.

Verslae:
Verslae is baie volledig aangebied en my opregte dank en waardering aan elke uitvoerende bestuurslid asook takvoorsitter. Dankie dat u dit met soveel sorg en toewyding opgestel het. Dit maak my verslag makliker!

Vrou24/7Woman:
Twee uitgawes van Vrou24/7Woman het verskyn, 'n winter en somer uitgawe. Baie dankie aan me. Hannalie Theron, redakteur van Vrou24/7Woman vir die pragtige samestelling en uiteensetting van ons spogtydskrif.

Webblad:
Me. Elsa Brits sit ure se harde werk en beplanning in om VVLU se inligting so goed as moontlik op die webblad te plaas. Baie dankie vir die entoesiasme waarmee u hierdie taak uitvoer.

Geskiedenisboek/Gedenkblad 1981 tot 2020:
VVLU se gedenkblad is saamgestel en gereed vir proeflees voor dit na die drukkers gaan. My opregte dank en waardering aan elke persoon wat inligting bymekaar gemaak en aan die UB's gegee het vir plasing. Sonder me. Elsa Brits se hulp sou hierdie boekie nie kon verskyn nie. Baie dankie vir maande se konstante werk en beplanning hieraan. VVLU waardeer jou so baie!!

SAVLU:
Slegs zoom SAVLU vergaderings is aangebied. Baie dankie aan me. Tharina Rossel vir haar goeie leiding as SAVLU President.

ACWW:
Most of the FSWAU branches took part in the "Women walk the World" project launched by ACWW.
All the branches participated in the "Pennies for Friendship" project.

VVLU-lede:
Ek besef net weer eens hoe waardevol VVLU-lede en uitvoerende bestuurslede vir my en ook vir mekaar is. Julle vriendskap, liefde, ondersteuning, omgee en lojaliteit is meer werd as korale! Dit is 'n voorreg om deel van julle te kan wees!
Kyk mooi na julleself.

G Pienaar

Me. Gerda Pienaar
President VVLU